No 1443 21 Oktober 2018

# GEMEENTEBRIEF

Gereformeerde Kerk Pretoria-Alkantrant
Leef vir God • Dien mekaar • Lig vir die wêreld

*"Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."*

**Kolossense 2:14**

## In die erediens

Baie welkom by vanmôre se erediens. Mag ons saam nader aan mekaar en aan die Here groei. Daar is vandag slegs een erediens vanweë die belydeniskamp. Dit word gelei deur Ds Nico Ligthelm.

### Erediens

**Skriflesing:** 1 Konings 19:1 tot 10
**Fokus:** 1 Konings 19:4b
**Tema:** Geloofskrag…. of geloofstwyfel?

**Preekskets:**

Elke mens leef tussen die twee pole van geloofskrag en geloofstwyfel. In die preek gaan ons kyk hoe hanteer ek hierdie leefstyl tussen geloofskrag en geloofstwyfel? Ons kyk daarna in die spieël van die Evangelie na aanleiding van die belewenis van Elia in hierdie omstandighede.

**Notas:**

### Erediens

**Ons sing saam:**
PS 93-2:1,4 en 5
SB 20-2:1,6 en 7
PS 10-1:8 en 9
SB 7-2:1 en 2
PS 98-2:1 en 2

**Kollektes**
*Tydens erediens:*
Diakonale kas

*By die deure:*
Borg-'n-Bybel

**Diensbeurt**
Die kerkraadslede wat vandag aan diens is:

*Ouderling:*
Pieter Swanepoel
*Diaken:*
Gerrit van Wyk de Vries

**Katkisasie toesig**
Graad 9

## Verjaardae

Baie geluk aan almal wat die komende week verjaar. Ons bid julle 'n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

**Sondag 21 Oktober**

| | |
|---|---|
| Willemien Buys | 012 361 5519 |
| Riaan Prinsloo | 072 706 9992 |

**Dinsdag 23 Oktober**

| | |
|---|---|
| Annalette du Plessis | 012 346 2188 |
| Bianca du Plessis | 082 301 3052 |
| Micayla du Plessis | 082 301 3052 |
| Willie Rourke | 083 407 8531 |
| Ria Sherriff | 082 825 9898 |

**Donderdag 25 Oktober**

| | |
|---|---|
| Gerrit van Wyk de Vries | 083 271 0892 |

**Vrydag 26 Oktober**

| | |
|---|---|
| Johan Smit | 082 926 7461 |

## Susters hoekie

### Sustersaamtrek 9 Maart 2019

Hou solank hierdie datum oop. Die saamtrek word aangebied deur die susters van die Gereformeerde kerke Oos-Moot en Die Kandelaar. Die tema vir die saamtrek is Om-gee-wingsbewus: God se kinders gee om vir Sy skepping.

# Lief en leed

**<u>Siekte:</u>**

**Sr Elfriede Rourke (083 407 8531)**is opgeneem in die Milpark kliniek met 'n ernstige infeksie.

Ons bid haar 'n spoedige volkome herstel toe.

As daar seer/siekte/vreugde in die gesin is,deel dit asb met ons sodat ons as gelowiges met mekaar kan meeleef.

**<u>Kontak asb. die kerkkantoor in die verband.</u>**

## Kerkkantoor vakature

Weens persoonlik omstandighede gaan sr Suanita die kantoor ongelukkig verlaat. Die pos van administratiewe beampte is dus vakant en ons vra dat enigiemand wat sou belangstel in die pos, hulle CV's sal stuur na kantoor@gk-alkantrant.co.za. Sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 26 Oktober 2018. Vir navrae oor die posbeskrywing en vergoeding kan u ook gerus vir sr Suanita kontak.

## Kerkkantoor reëlings

U kan sr Suanita Bakker steeds enige tyd telefonies of per e-pos kontak.

**Kantoorure:**

Vrydae van 09:00-13:00

Suanita Bakker: 065 912 5779 *of*
kantoor@gk-alkantrant.co.za

## Skinkbeurte

Ons drink vanoggend weer saam tee en koffie na afloop van die erediens.

Vandag skink : Wyke D6, D7, D8, D9 en D10.
Volgende week : Wyke D1, D2, D3 en D4

## Koeksisters

Daar is heerlike koeksisters in die portaal te koop teen R30/dosyn.

## Liefdadigheid

Ons is sowaar in die laaste pylvak van die jaar en ons sal graag nog vir oulaas vir die kinderhuis in Reddersburg 'n mooi bedraggie geld wil aanstuur om die Kersgety vir die kinders daar so 'n klein bietjie meer aangenaam te maak. In die portaal is 'n houtkis waar u

donasies vir die kinderhuis kan plaas. Moet asb ook nie van ons muntebottel in die portaal vergeet nie. Baie dankie byvoorbaat vir u hulp in hierdie verband!

## Almanakke 2019

Bestelling vir die GKSA Almanak 2019 kan geplaas word op die bestelvorm op die aansteekbord in die portaal. Almanak 2019 is te koop teen R84 per eksemplaar.

## Gemeente jaareindfunksie Vrydag 2 November 2018

Ons beplan ‘n heerlike gesamentlike afsluitingsfunksie vir die hele gemeente. Dit sal die normale katkisasie afsluiting vervang en is ook ons laaste Dopper-Kafee vir 2018. Bestelvorms vir Dopperkafee is by die deure en in die portaal beskikbaar. Ons gaan heerlik saam eet vanag 17:00. So van 18:00 af gaan ons Kersliedere sing en daarna saam kuier. Daar sal ook ‘n fliek wees vir die kinders. Kom geniet die aand saam met ons!!

## Klub 50

Ons volgende byeenkoms vind plaas op 26 Oktober. Dit neem die vorm van ‘n saamgooi ete aan. Onthou asb eie eetgerei en drinkgoed. Skryf asb u naam op die lys in die portaal indien u die geleentheid kan bywoon.

## Hervormingsdiens 28 Oktober 2018

U word uitgenooi na die gesamentlike Hervormingsdiens wat hierdie jaar aangebied word deur die New Life City Church. Die erediens word gehou in die kerkgebou van die GK-Wapadrand om 18:00.

## DIALOOG

**Opwindende nuus:**

Ds. Daniël Maritz gaan ons in die volgende paar maande (een Sondag per maand) lei in aktuele sake. Hou die nuusbrief dop vir besonderhede van die volgende gesprekstema.

**Volgende geleenthede:**
17:00 in die konsistorie

**Sondag 21 Oktober** : Die sielkundige aspekte van die kultusse.

**Sondag 4 November**: Teksvers Teologie.

# Gemeente dagboek

**Vandag:**

| | | |
|---|---|---|
| So.21 Oktober | | 09:00 Erediens gelei deur Ds Nico Ligthelm |
| | | 17:00 Dialoogbediening |

**Hierdie week:**

| | | |
|---|---|---|
| Ma. | 22 Oktober | 19:00 Bedieningskommissie vergadering |
| Di. | 23 Oktober | 16:00 Bybelstudie |
| Wo. | 24 Oktober | 19:00 Ondervraging kommissie vergader met katkisante |
| Vr. | 26 Oktober | 12:00 Klub 50 |

**Belangrike datums:**

| | | |
|---|---|---|
| So. | 28 Oktober | 18:00 Hervormingsdiens GK Wapadrand |
| Vr. | 2 November | 17:00 Gemeente jaarafsluiting en kuier |

# KONTAKBESONDERHEDE

**Predikant**:
Ds Dirk Kotzee: 012 346 2333 /
079 305 3297
dirk@gk-alkantrant.co.za

**Skriba:**
Robert Bakker: 082 322 3203
skriba@gk-alkantrant.co.za

**Administratiewe beampte:**
Suanita Bakker: 065 912 5779
kantoor@gk-alkantrant.co.za

**Attes skriba:**
Tjaart van der Walt:
083 303 1275, mwnts@mweb.co.za

**Kassier:**
Johan Erasmus:
084 800 1772, johan@ebhub.co.za

Like us on Facebook

**Webtuiste: www.gk-alkantrant.co.za**

**Bankbesonderhede:**
GK Alkantrant
ABSA Rekeningnommer:
540 340 404
Takkode: 334 745.

**Diakonie voorsitter:**
Danie Dreyer: 082 844 6870
danie@marketingss.co.za

**Diakonie kassier:**
Geert de Jong: 084 686 9161
gdejong@lantic.net

**Diakonie bankbesonderhede:**
Diakonie Gereformeerde Kerk Alkantrant
ABSA Rekeningnommer:
540 280 339
Takkode: 335-545

**Posadres:**
Posbus 92
Newlands
0049